# Die Wapens van die Nederlandse Kommandeurs, Goewerneurs, en Kommissarisse-Generaal aan die Kaap, 1652—1806

deur

C. PAMA

VERLEDE jaar het die Nederlandse Konsulaat-generaal te Kaapstad sy honderdste verjaarsdag feestelik gevier. Terselfdertyd is dit oorgeplaas na die historiese kosterwoning van die ou Evang. Lutherse Kerk aan Strandstraat wat vir dié geleentheid heeltemal gerestoureer en in sy oorspronklike toestand teruggebring was.[1]


Binne in die gebou is 'n besonder mooi trappehuis waarbo 'n groot venster, wat onmiddellik sigbaar is wanneer 'n mens die swaar voordeur oopmaak, en wat die grootste gedeelte van die binnehuis verlig. Hierdie groot venster is 'n ideale plek vir die aanbring van gebrandskilderde glas soos 'n mens dit soms in ou Nederlandse geboue aantref. 'n Voorstel is daarom gedoen om in hierdie venster die wapens aan te bring van die Kommandeurs, Goewerneurs en Kommissarisse-generaal uit die Hollandse tyd.

Hierdie was 'n baie kosbare plan en dit het 'n oomblik gelyk of die geld vir hierdie onderneming nooit by mekaar gebring sou kan word nie. Die „Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland" in Amsterdam is egter bereid gevind om die groot koste te dra, 'n historiese ondersoek is na die wapens ingestel en ten slotte is die venster deur 'n Nederlandse glasenier, mnr. E. Warffemius, ontwerp en gebrandskilder. Die bedoeling is om die glas in dié maand te monteer waarna die amptelike onthulling deur die Konsul-generaal sal plaasvind. Die werktekening van die venster met die wapens is hierby afgebeeld.

Die ondersoek na hierdie vergete aspek van die Kaapse geskiedenis het geblyk 'n interessante studie te wees. Dié wapens het aan die Kaap 'n groter rol gespeel as 'n mens sou verwag en spore daarvan is nog in talryke drosdy- en munisipaliteitswapens, grenspale e.d. terug te vind.

Onder dié van die omringende lande het die Nederlandse heraldiek 'n heeltemal eie plek. Die heraldiek self het in die midde van die twaalfde eeu vernaamlik in Noord-Frankryk en die Suidelike Nederlande (Henegoue en Artesië) ontstaan. Dit het hom toe met groot spoed oor die hele Westerse kultuurgebied versprei en in die begintyd is daar van plaaslike of nasionale verskille eintlik nouliks sprake. Die ridderwêreld was 'n eenheid en dit het ook gegeld vir die simbool van hierdie nuwe bestel, die wapen.

(1) By dié geleentheid is 'n boekie uitgegee, *Het Consulaat-generaal der Nederlanden te Kaapstad, 1857—1957,* wat die geskiedenis van die Konsulaat en die gebou bevat.



*Werktekening van die venster in die Nederlandse Konsulaat-generaal met die wapens van die Kaapse Gesaghebbers.*

Die opkoms van die nasionale state het hierin verandering gebring. In die groot koninkryke soos Engeland en Frankryk het die vorste die reg om wapens te verleen as 'n koninklike voorreg gaan beskou en — al dan nie met die formele toestemming van die keisers — het die Duitse vorste dieselfde weg ingeslaan. Hoewel teen hierdie opvatting selfs in die middeleeue al geprotesteer is,[2], het dit min verandering in die toestand gebring. In Engeland bv. is die toestand vandag so dat eintlik geen wapen as volwaardig erken word wat nie deur die koning verleen is nie. Hierdie koninklike bevoegdheid word uitgeoefen deur die *Earl Marshal* en in die praktyk deur sy wapenkonings en heroute.[3] Verreweg die grootste gedeelte van die Engelse wapens is dus by die *College of Arms* in Londen ingeskryf en tensy 'n mens tot 'n baie ou familie behoort, kan eintlik sonder so 'n inskrywing nie op 'n wapen aanspraak gemaak word nie.

Dit is slegs in die Nederlande dat dié ontwikkeling 'n ander rigting ingeslaan het. Die vroeë opkoms van die stede, eers in Vlaandere en later in Holland en die ander provinsies, het die feodale bestel hier vinniger as elders laat verdwyn. In die stede het 'n groot onafhanklikheidsgevoel ontstaan; die burgers het wapens aangeneem sonder hulle oor die landsheer te bekommer en reeds in die middeleeue het selfs arbeiders wapens gevoer.[4] Die vryheidstryd teen Spanje het dié beweging nog verder versnel, daar hierdeur ook die laaste reste van die vorstelike gesag weggeval het. In die nuwe Republiek het die State-Generaal die hoogste outoriteit geword en daar hulle slegs bestaan het uit die verteenwoordigers van die stede, het die stedelike families en veral die koopliede in die Republiek die toon aangegee. Elke amptelike beletsel teen die aanname van wapens het verdwyn en spoedig het iedere familie op sy eie outoriteit 'n wapen aangeneem. Die Romeins-Hollandse reg het hieraan 'n wetlike basis verleen, altans dit nie in die weg gestaan nie.[5] Hierdie vryheid het natuurlik die beswaar gehad dat daar ook geen beskerming vir die wapens was nie. Dit het egter tot die Napoleontiese tyd geduur voordat in hierdie behoefte gedeeltelik voorsien sou word.[6]

Die Nederlanders was altyd besonder trots op hulle wapens. Hulle het dit aangebring op seëlringe, gebrandskilderde glas en bo hul huise. Stadsregerings, waterskapsbesture, ja eintlik enige amptelike instelling het mooi kopergravures van die gesamentlike lede laat maak om in die bestuurshuise op te hang. In die kerke het die rou borde met wapens van die aansienlikes gehang en op die

(2) Sien: Bartolus' Treatise six hundred years old, in *The News Letter* (Heraldry Society of Southern Africa) no. 13.

(3) Die eerste wapenbrief aan 'n Suid-Afrikaner word in 1837 verleen aan Jan Andries Truter (Sir John Andrew Truter). Die oorspronklike dokument is nou in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad.

(4) Voorbeelde hiervan het ek gegee in my *Heraldiek in Suid-Afrika*, bls. 17.

(5) Sien: The College of Arms and South Africa, in *Arma, Kwartaalblad van die Heraldiese Genootskap van Suidelike Afrika*, 1958, no. 1.

(6) Lodewijk Napoleon, Koning van Holland, het toe die „Hoog Heraldiek College" ingestel. Uit hierdie Kollege is die teenswoordige „Hoge Raad van Adel" ontstaan. Dit registreer die wapens van die Nederlandse adel en van alle publiekregtelike liggame soos munisipaliteite, polderbesture, waterskappe, heerlikhede, kolleges, ens.

grafserke is die wapens van die minder aansienlikes gebeitel. Van albei het voorbeelde aan die Kaap bewaar gebly want ook die amptenare van die Kompanjie was besonder gevoelig vir heraldiese pronk. By die begrafnis van hoë amptenare van die Kompanjie aan die Kaap is die wapen van die betrokkene vooraan die stoet mee gedra en dit het ongetwyfeld vir langere of kortere tyd in die kerk bo die graf gehang. In Holland het 'n mens dan nog die handskrif-wapenboeke van studenteverenigings, makelaarsgilde en ontelbare ander organisasies.

Dis uit hierdie soort bronne dat 'n mens moet put om die wapens van die Kaapse gesaghebbers vas te stel en in die volgende bladsye sal 'n mens die resultate van my ondersoek vind. Die feit dat 'n paar wapens onbekend gebly het, wil nie sê dat die betrokkene geen wapen gevoer het nie. Slegs is die oorblyfsels verlore gegaan en in die toekoms sal hulle miskien nog aan die lig kom.

'n Kenmerkende karaktertrek van die Nederlandse heraldiek is sy groot eenvoud. Dit het wat dit betref trouer gebly aan die beginsels van die middeleeuse heraldiek as die kanselaryheraldiek van Engeland, Frankryk en Duitsland. Dis slegs in die eweneens republikeinse Switserland dat 'n mens 'n soortgelyke ding aantref. Alleen aan die einde van die sewentiende en die begin van die agtiende eeu word dit mode om wapens te kombineer met dié van 'n moeder, grootouers of ander familie. 'n Voorbeeld van hierdie ontwikkeling vind 'n mens aan die Kaap in die wapens van die Van der Stels. Dis om hierdie rede dat ek hulle 'n bietjie uitvoeriger behandel het.

Origens het ek my soveel moontlik bepaal tot suiwer heraldiese gegewens, slegs hier en daar aangevul met genealogiese aantekeninge. Dit was nie my bedoeling om selfs maar beknopte lewensbeskrywings te gee nie. Vir 'n boek soos Van Rhede van der Kloot se *De Gouverneurs-generaal en Commissarissen-generaal van Nederlandsch-Indië, 1610-1888* is nog te min voorondersoek verrig. Hopelik is hierdie bydrae 'n eerste bousteentjie vir so 'n toekomstige boek.

*1. JAN VAN RIEBEECK. Kommandeur 1652—1662.*

> In rooi drie goue ringe, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n silwer geharnaste regterarm met die elmboog na regs wat in die hand van natuurlike kleur 'n goue ring hou.(7)

Die familie Van Riebeeck is afkomstig uit Wyk by Duurstede en die wapen, soos hier beskrywe, is ook deur verskillende van sy voorvaders gevoer.(8) Wat Jan van Riebeeck self betref is die beste bron vir die wapen sy portret in die

(7) Die genealogiese en heraldiese geskiedenis van die familie Van Riebeeck is uitvoerig behandel in *Jan van Riebeeck, zijn voor- en nageslacht*, uitgegee deur die Kon. Nederl. Genootschap v. Geslacht- en Wapenkunde, Den Haag (1952).

(8) In 'n versameling *Genealogische aanteekeningen omtrent Utrechtsche- en andere familiën* in die Universiteits-bibliotheek te Utrecht is 'n handskrif uit ongeveer 1630 wat as afwykende helmteken 'n ring tussen twee vlerke ('n vlug) afbeeld.




*Grafsterk van Jan van Riebeeck en Maria Isaäcs Scipio, oorspronklik in Batavia, tans in die S.A. Museum, Kaapstad.*

Rijksmuseum in Amsterdam [9] en die grafserk wat tot aan die begin van die negentiende eeu in die Groote Kerk te Batavia te sien was. [10]

Op 12 Junie 1804 word dié wapen deur Kommissaris-generaal J. A. de Mist aan Kaapstad as stadswapen verleen. [11] Die amptelike oorhandiging van die nuwe stadswapen het op 3 Julie plaasgevind in teenwoordigheid van Generaal Janssens en 'n groot aantal genodigdes. Met 'n paar latere toevoegings het dié ou Van Riebeeckwapen tot vandag die stadswapen van Kaapstad gebly. [12]

2. *ZACHARIAS WAGENAAR. Kommandeur 1662—1666.*

Wapen onbekend. [13]

3. *CORNELIS VAN QUAELBERG. Kommandeur 1666—1668.*

In silwer 'n monsterdier, bruin-swart van kleur, visagtig van vorm, met gepunte groot vinne en stert en 'n aansiende mensagtige gesig, ten dele swemmend in blou water aan die gesigseinder vergesel van 'n swart rots met drie toppe.

Daar is geen seël van die kommandeur self bekend nie. Hierdie wapen is van sy dogter, Magdalena Adriana van Quaelberg, getroud met Isaak v. d. Schinne. [14] Sy het egter ongetwyfeld dieselfde wapen as haar vader gevoer. [15]

4. *JACOB BORGHORST. Kommandeur 1668—1670.*

In goud 'n swart anker wat skuinslinks geplaas is. Helmteken: 'n swart raaf met 'n rooi snawel.

(9) Afgebeeld in E. C. Godee Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck.*

(10) Fragmente van dié grafsteen met die wapens van Jan van Riebeeck en sy tweede vrou Maria Isaäcs Scipio is in 1934 deur die Koninklyk Bataviaasch Genootschap aan die S.A. Museum in Kaapstad geskenk en hier gerestoureer.

(11) Die verlening van Van Riebeeck se wapen aan die Burgher Raad van Kaapstad is met groot feestelikhede gevier. 'n Uitvoerige beskrywing van dié feeste in *De Kaapsche Courant* van 7 en 14 Julie 1804. Die amptelike dokument is nog steeds in die besit van die Stadsraad en die ou seël word nog steeds gebruik om die amptelike dokumente van die Stadsraad te verseël.

(12) Op 29 Desember 1899 het die Stadsraad 'n wapenbrief van die Engelse *Earl Marshal* gekry, uitgegee deur die wapenkoninge *Garter, Clarenceux* en *Norroy.* Die ou wapen word in hierdie brief opnuut bevestig en daar word o.a. skildhouers en 'n helmteken aan toegevoeg. Dis hierdie aangevulde wapen wat nou in daaglikse gebruik is.

(13) Nasporinge in Holland het dié wapen nie aan die lig gebring nie. 'n Beskouing oor sy afkoms gee J. Hoge in *Africana Aantekeninge en Nuus,* dl.V, 67—68 en VIII, 34, en in sy *Personalia of the Germans at the Cape,* 445.

(14) M. A. van Rhede van der Kloot en R. N. G. M. Bär, *Genealogische Kwartierstaten van Nederl. geslachten* (1887—92).

(15) Die wapen kom ook voor in die *Wapenboek van R. Macaré* (handskrif) en in *De Navorscher* 1859, 168.

Hierdie Kommandeur het behoort tot 'n Noord-Hollandse familie waaroor betreklik min bekend is.[16]

5. *PIETER HACKIUS. Kommandeur 1670—1671.*

Deurgesny: *a* in silwer 'n blou halwe leeu wat op die snylyn rus; *b* in silwer die regterhelfte van 'n rooi lelie.[17]

6. *ALBERT VAN BREUGHEL. Waarnemende Kommandeur 1672.*

In rooi drie silwer meulysters. Helmteken: 'n silwer sittende windhond met 'n goue kroon om die hals tussen twee vlerke, regs van silwer en links van rooi. Dekklede: silwer en rooi. Wapenspreuk: In trinitate fortitudo.[18]

Van Breughel, wat tot 'n familie behoort het wat tans tot die Nederlandse adel gereken word,[19] het hier in Maart 1672 aangekom en tot Oktober van dieselfde jaar as waarnemende Kommandeur opgetree. In 1675 is hy uit sy amp van Sekunde ontset.

7. *ISBRAND GOSKE. Goewerneur 1672—1676.*

Deurgesny van silwer en rooi volgens 'n uitgeskulpte keperlyn. Die silwer bohelfte regs en links belaai met 'n blom soos 'n tuinlelie, met drie na onder omgebuigde blomblare waarbo drie meeldrade uitsteek, aan 'n steel waaraan na links en regs 'n lang smal blad; die rooi onderhelfte belaai met 'n soortgelyke blom. Helmteken: 'n dierkop moontlik van 'n hond.[20]

Die Goske's is 'n Haagse familie waarvan ook betreklik min bekend is.[21]

8. *JOHAN BAX. Goewerneur 1676—1678.*

Wapen onbekend.[22]

---

(16) Die wapen word vermeld in *De Navorscher* 1873, 409 en op die *Schutterskaart* in die Gemeente-Archief van Amsterdam.

(17) Die wapen kom voor in die *Wapenboek van Ryckhuysen* (handskrif) in die Gemeente Archief van Leiden.

(18) In die *Bell-Krynauw Versameling* van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad kom die wapen voor met die verkeerde naam *Gey*. Daar word ook 'n lakafdruk van dié wapen in die seëlversameling van die *Koopmans de Wet Huis* bewaar (no. 199). Die familie Gey het 'n heeltemal ander wapen gevoer.

(19) Genealogie van dié familie in *Nederland's Adelsboek* 1940, 529 (waar ook 'n wapenbeskrywing) en 'n groot aantal ander bronne. Oor die opkoms van hierdie familie sien: J. C. Maris van Sandelingenambacht, *Een Honderdtal Nederlandsche Families* (1946), 141.

(20) Op die lakafdruk met dié wapen is die kleur ongelukkig nie aangegee nie. Ek het daarom die mees waarskynlike geneem nl. die twee boonste blomme rooi en die derde (onderste) blom silwer.

(21) *Algemeen Nederlandsch Familieblad* 1887, 31—32 en 1886, 225—26.

(22) Daar is meer families van dié naam in Nederland, met verskillende wapens. Ek kon nie vasstel tot watter familie die Goewerneur behoort het nie.

*9. HENDRIK CRUDOP. Waarnemende Goewerneur 1678—1679.*

> In goud 'n groen roostakkie wat regop staan. Dis aan die onderkant regs en links voorsien van twee bo mekaar geplaaste blare en aan die bokant van vyf rooi heraldiese rose. Helmteken: die roostakkie uit die skild, uitkomend.

Die Crudops het verskillende ampte in die Kompanjie beklee. Hierdie wapen is van Joan Adriaan Crudop, Ordin. Raad van Nederl. Indië, Presidentschepen van Batavia 1680—1726.[23]

*10. SIMON VAN DER STEL. Goewerneur 1679—1699.*



*SIMON VAN DER STEL. (Bell-Krynauw Versameling).*

Gevierendeel: *1* in goud twee rooi gekanteelde torings, naas mekaar; *2* in rooi 'n goue aansiende pronkende pou; *3* in rooi drie silwer penninge, geplaas 2 en 1; *4* in goud 'n rooi gekanteelde toring. Bo-oor alles 'n hartskild van blou belaai met ses silwer sekelmane,[24] geplaas 2, 2, 2. Helmteken: 'n toring uit die skild.

Ek ontleen hierdie beskrywing aan 'n afbeelding van dié wapen in die Bell-Krynauw Versameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek. Die afbeelding soos Charles Bell dit daar gee is ongetwyfeld afkomstig van die grafmonument in die ou Groote Kerk te Kaapstad wat volgens Valentyn,[25] agter die preekstoel gestaan het. Dit was opgerig ter ere van Simon van der Stel. Hy is oorlede 24 Junie 1712 en is ook uit dié kerk begrawe. Die monument het in 1835, toe die ou kerk afgebreek is, ongelukkig verdwyn.

Die wapen wat in Nederlandse bronne altyd vermeld word is: in goud drie rooi gekanteelde torings.[26] Dit is die stamwapen van die Van der Stels en daarom is dit ook so afgebeeld. Die verskillende lede van dié familie het egter persoonlike variante van dié wapen gevoer. So het, soos ons sien, Simon van der Stel die drie torings oor die eerste en vierde kwartier verdeel en dit is ook gedoen deur sy tweede seun Adriaan van der Stel, in 1705 Goewerneur van Amboina in Oos-Indië. Die wapen van Adriaan het in 1940 nog in die kerk van Batavia gehang en was as volg:

> Gevierendeel: *I* en *IV* weer gevierendeel: *1* in goud twee rooi gekanteelde torings met swart vensters en poort, naas mekaar; *2* in blou 'n pronkende pou; *3* in goud 'n rooi toring soos in *1; 4* in rooi drie goue balle, geplaas

(23) Op sy grafsteen te Tanahabang, volgens *De Indische Navorscher 1939, 2.*

(24) In my *Heraldiek in Suid-Afrika* het ek vir hierdie figuur die Nederlandse benaming *wassenaar* voorgestel. Dit het egter gebiyk dat in Afrikaans *sekelmaan* 'n beter benaming is. In die heraldiek is dit 'n groeiende maan wat met sy twee punte of horings na bo wys.

(25) Valentyn, *Oud- en Nieuw Oostindien,* dl.V.

(26) o.a. in J. B. Rietstap, *Armorial Général* en *De Navorscher* 1856, 158.

Hierdie Kommandeur het behoort tot 'n Noord-Hollandse familie waaroor betreklik min bekend is.[16]

5. *PIETER HACKIUS. Kommandeur 1670—1671.*

Deurgesny: *a* in silwer 'n blou halwe leeu wat op die snylyn rus; *b* in silwer die regterhelfte van 'n rooi lelie.[17]

6. *ALBERT VAN BREUGHEL. Waarnemende Kommandeur 1672.*

In rooi drie silwer meulysters. Helmteken: 'n silwer sittende windhond met 'n goue kroon om die hals tussen twee vlerke, regs van silwer en links van rooi. Dekklede: silwer en rooi. Wapenspreuk: In trinitate fortitudo.[18]

Van Breughel, wat tot 'n familie behoort het wat tans tot die Nederlandse adel gereken word,[19] het hier in Maart 1672 aangekom en tot Oktober van dieselfde jaar as waarnemende Kommandeur opgetree. In 1675 is hy uit sy amp van Sekunde ontset.

7. *ISBRAND GOSKE. Goewerneur 1672—1676.*

Deurgesny van silwer en rooi volgens 'n uitgeskulpte keperlyn. Die silwer bohelfte regs en links belaai met 'n blom soos 'n tuinlelie, met drie na onder omgebuigde blomblare waarbo drie meeldrade uitsteek, aan 'n steel waaraan na links en regs 'n lang smal blad; die rooi onderhelfte belaai met 'n soortgelyke blom. Helmteken: 'n dierkop moontlik van 'n hond.[20]

Die Goske's is 'n Haagse familie waarvan ook betreklik min bekend is.[21]

8. *JOHAN BAX. Goewerneur 1676—1678.*

Wapen onbekend.[22]

---

(16) Die wapen word vermeld in *De Navorscher* 1873, 409 en op die *Schutterskaart* in die Gemeente-Archief van Amsterdam.

(17) Die wapen kom voor in die *Wapenboek van Ryckhuysen* (handskrif) in die Gemeente Archief van Leiden.

(18) In die *Bell-Krynauw Versameling* van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad kom die wapen voor met die verkeerde naam *Gey*. Daar word ook 'n lakafdruk van dié wapen in die seëlversameling van die *Koopmans de Wet Huis* bewaar (no. 199). Die familie Gey het 'n heeltemal ander wapen gevoer.

(19) Genealogie van dié familie in *Nederland's Adelsboek* 1940, 529 (waar ook 'n wapenbeskrywing) en 'n groot aantal ander bronne. Oor die opkoms van hierdie familie sien: J. C. Maris van Sandelingenambacht, *Een Honderdtal Nederlandsche Families* (1946), 141.

(20) Op die lakafdruk met dié wapen is die kleur ongelukkig nie aangegee nie. Ek het daarom die mees waarskynlike geneem nl. die twee boonste blomme rooi en die derde (onderste) blom silwer.

(21) *Algemeen Nederlandsch Familieblad* 1887, 31—32 en 1886, 225—26.

(22) Daar is meer families van dié naam in Nederland, met verskillende wapens. Ek kon nie vasstel tot watter familie die Goewerneur behoort het nie.

*9. HENDRIK CRUDOP. Waarnemende Goewerneur 1678—1679.*

In goud 'n groen roostakkie wat regop staan. Dis aan die onderkant regs en links voorsien van twee bo mekaar geplaaste blare en aan die bokant van vyf rooi heraldiese rose. Helmteken: die roostakkie uit die skild, uitkomend.

Die Crudops het verskillende ampte in die Kompanjie beklee. Hierdie wapen is van Joan Adriaan Crudop, Ordin. Raad van Nederl. Indië, President-schepen van Batavia 1680—1726.[23]

*10. SIMON VAN DER STEL. Goewerneur 1679—1699.*



*SIMON VAN DER STEL. (Bell-Krynauw Versameling).*

Gevierendeel: *1* in goud twee rooi gekanteelde torings, naas mekaar; *2* in rooi 'n goue aansiende pronkende pou; *3* in rooi drie silwer penninge, geplaas 2 en 1; *4* in goud 'n rooi gekanteelde toring. Bo-oor alles 'n hartskild van blou belaai met ses silwer sekelmane,[24] geplaas 2, 2, 2. Helmteken: 'n toring uit die skild.

Ek ontleen hierdie beskrywing aan 'n afbeelding van dié wapen in die Bell-Krynauw Versameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek. Die afbeelding soos Charles Bell dit daar gee is ongetwyfeld afkomstig van die grafmonument in die ou Groote Kerk te Kaapstad wat volgens Valentyn,[25] agter die preekstoel gestaan het. Dit was opgerig ter ere van Simon van der Stel. Hy is oorlede 24 Junie 1712 en is ook uit dié kerk begrawe. Die monument het in 1835, toe die ou kerk afgebreek is, ongelukkig verdwyn.

Die wapen wat in Nederlandse bronne altyd vermeld word is: in goud drie rooi gekanteelde torings.[26] Dit is die stamwapen van die Van der Stels en daarom is dit ook so afgebeeld. Die verskillende lede van dié familie het egter persoonlike variante van dié wapen gevoer. So het, soos ons sien, Simon van der Stel die drie torings oor die eerste en vierde kwartier verdeel en dit is ook gedoen deur sy tweede seun Adriaan van der Stel, in 1705 Goewerneur van Amboina in Oos-Indië. Die wapen van Adriaan het in 1940 nog in die kerk van Batavia gehang en was as volg:

Gevierendeel: *I* en *IV* weer gevierendeel: *1* in goud twee rooi gekanteelde torings met swart vensters en poort, naas mekaar; *2* in blou 'n pronkende pou; 3 in goud 'n rooi toring soos in *1; 4* in rooi drie goue balle, geplaas

(23) Op sy grafsteen te Tanahabang, volgens *De Indische Navorscher 1939, 2.*

(24) In my *Heraldiek in Suid-Afrika* het ek vir hierdie figuur die Nederlandse benaming *wassenaar* voorgestel. Dit het egter geblyk dat in Afrikaans *sekelmaan* 'n beter benaming is. In die heraldiek is dit 'n groeiende maan wat met sy twee punte of horings na bo wys.

(25) Valentyn, *Oud- en Nieuw Oostindien*, dl.V.

(26) o.a. in J. B. Rietstap, *Armorial Général* en *De Navorscher* 1856, 158.




*Die drosdy-seëls met die wapens van Kaapse Gesaghebbers, deur De Mist in 1804 verleen. Die wapens is: (a) Kaapstad (Van Riebeeck); (b) Stellenbosch (Van der Stel); (c) Swellendam (Swellengrebel); (d) Tulbagh (Tulbagh); (e) Graaff-Reinet (Van de Graaff); (f) Uitenhage (De Mist).*

*(Volgens die oorspronklike afbeeldings in die Haagse Argief).*

2 en 1; *II* en *III* in blou 'n silwer agtpuntige ster, vergesel in die skildhoof van twee silwer sekelmane. Helmteken: die toring uit die skild tussen twee rooi vlerke ('n vlug).[27]

Daar was ook nog 'n roubord met wapen vir Hendrik van der Stel wat in die Buitekerk van Batavia gehang het. Hendrik was Landdros van die Bataviese Ommelande en is oorlede 26 September 1722, oud 50 jaar 3 maande en 13 dae. Hierdie wapen was:

Gevierendeel: *I* en *IV* gedeel: *a* in goud drie rooi torings; b deurgesny: *1* in rooi 'n goue pou; *2* in blou drie goue penninge; *II* en *III* in blou 'n goue ster vergesel in die skildhoof van twee goue sekelmane. Helmteken: 'n rooi gekanteelde toring.[28]

Van die vrou van Willem Adriaan van der Stel, Goewerneur van die Kaap vanaf 1699 tot 1707, is ook nog 'n afbeelding van die wapen bekend. Sy was Maria de Hase [29] en is oorlede 1 Julie 1723. Haar wapen staan op haar grafserk in die N.H. Kerk te Lisse in Nederland [30] en is as volg:

Gevierendeel: *I* en *IV* gedeel: *1* drie torings, geplaas 2 en 1; *2* drie penninge, geplaas *2* en 1, en daarbo 'n pronkende pou; *II* en *III* 'n sespuntige ster en daarbo twee sekelmane. Hartskild: drie golwende dwarsbalke en 'n koei wat uit die boonste dwarsbalk oprys.[31].

Daar die wapen van die familie De Hase hierin nie voorkom nie,[32] is dit dus klaarblyklik die wapen van die Goewerneur Willem Adriaan van der Stel. Die hartskild is die wapen van die heerlikheid Vossemeer. Willem Adriaan was Heer van dié heerlikheid.

Ten slotte is daar in die seëlversameling van die Kaapse Argief nog 'n afdruk van die seël van Frans van der Stel, broer van Willem Adriaan. Dit vertoon:

Gevierendeel: *I* en *IV* gedeel: *1* drie torings, geplaas 2 en 1; 2 deurgesny *a* onduidelik; *b* drie penninge, geplaas 2 en 1; *II* en *III* 'n sespuntige

(27) *De Indische Navorscher* 1940, 20. Hoewel die wapen als *gevierendeel* beskryf word kan 'n mens die eerste en vierde kwartier m.i. ook as een geheel opvat. Dit word dan die volledige stamwapen met die drie rooi torings op 'n goue veld in 'n gedeelde skild.

(28) *De Nederl. Leeuw* 1903, 174. Volgens *De Ind. Navorscher* sou Hendrik op 4 Sept. 1722 sy testament geseël het met 'n monogram wat bestaan uit die letters HVDS onder 'n kroon van vyf pêrels.

(29) Sy was 'n dogter van François de Haze, o.a. Direkteur van die Kompanjie in Bengale (oorl. 26 Okt. 1676) en Cornelia van Dusseldorp. François se roubord met wapen het in die voormalige Hollandse kerk te Chinsura (Bengale) gehang, volgens W. Wynaendts v. Resandt, *De Gezaghebbers der O. I. Compagnie op hare Buitencomptoiren in Azië* (1944), 30.

(30) Blois v. Treslong Prins, *Genealog. en herald. gedenkwaardigheden, Zuid-Holland,* dl. II, 197.

(31) Prins beskryf dié wapen foutief. Die koei wat uit die golwe oprys moet 'n rooi vos wees, soos blyk uit die amptelike beskrywing van die wapen in die registers van die Hoge Raad van Adel *(Nederl. Wapens van het Rijk, de Prov., en de Gemeenten* (1943), dl.I, 85).

(32) Die wapen De Haze is nl.: in blou 'n springende haas, in die skildhoof vergesel van twee sespuntige sterre, alles goud, soos beskryf in Smallegange, *Zeelandt veredelt.*

ster in die kwartierhoof vergesel van twee naas mekaar geplaaste sekelmane.

Die Van der Stels het hul wapen dus baie met dié van aangetroude families gebreek.(33)

In hierdie verband sou ek nog op 'n besonderheid in Simon se wapen wil wys. Die hartskild van dié wapen word beskryf as ses sekelmane, geplaas 2, 2, 2. Daar is geen sodanige wapen in Nederland bekend nie. Ek glo daarom dat die beskrywer hierdie simbole 'n verkeerde naam gegee het en dat dit nie sekelmane is nie, maar *ribbe*. Daar is min verskil tussen die voorstelling van 'n sekelmaan en van 'n rib en daar 'n rib min voorkom kan dit maklik vir 'n sekelmaan aangesien word.

Indien hierdie voorstelling juis is, het ons hier die wapen van die Nederlandse familie Da Costa (34) en het Simon dié skild ongetwyfeld aangeneem ter ere van sy moeder Maria da Costa.(35) Dit sou dan 'n nuwe lig kan werp op die afstamming van Maria en daarmee van Simon van der Stel.

De Mist het Simon se wapen in 1804 aan die Drosdy van Stellenbosch verleen en dit maak tans ook deel uit van die nuwe wapen van Simonstad.

*WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL. Goewerneur 1699—1707.*

Sien: Simon van der Stel.

12. *JOHANNES CORNELIS d'ABLEING. Waarnemende Goewerneur 1707—1708.*

Wapen onbekend.

(33) Die ster met die sekelmane is die wapen van die Amsterdamse familie *Six* waartoe die vrou van Simon behoort het. 'n *Breuk* noem 'n mens in die heraldiek 'n afwyking of variant van die stamwapen.

(34) Die familie *Da Costa* was van Portugees-Joodse herkoms. Hiertoe het o.a. die bekende digter Isaac da Costa behoort. Daar kom geen Maria of Monica voor in die genealogie van die Da Costa's in Vorsterman van Ooyen se *Stam- en Wapenboek van aanzienl. Nederl. Familiën* nie, maar die ou generasies is nie volledig uitgewerk nie.

(35) Volgens Theal, *Willem Adriaan v. d. Stel*, bls. 172 was sy 'n Indiese vrou „Monica van die Kus." Ander bronne gee haar naam as Da Costa. Simon se vader was Adriaan v. d. Stel, afkomstig uit Dordrecht. In 1638 word hy kommandeur en opperhoof van die eiland Mauritius en hier is Simon op 14 November 1639 gebore.

Wynaends v. Resandt, *Gezaghebbers*, 278 gee 'n heeltemal ander uitleg van die afstamming van Simon. Volgens hom is Adriaan in April 1639 getroud met Maria Lievens, gebore te Batavia en oorlede aldaar 20 Desember 1652. Sy sou 'n dogter wees van Hendrik Lievens (de Bleecker) en van Monica da Costa. As weduwee van Adriaan hertrou sy in Junie 1648 met Hendrik van Gent, burger en schepen van Batavia, later Direkteur van Soeratte. W. v. R. siteer *De Nederl. Leeuw* 1940, 369. Die wapen van Maria Lievens, wat op haar grafsteen op die begraafplaas Tanahabang te Weltevreden in Oos-Indië staan, word deur *De Indische Navorscher* 1939, 68 beskryf as: Gevierendeel: *1* 'n vyselstamper; *2* 'n springende dier; *3* 'n leeu; *4* drie voëls gepl. 2 en 1. Helmteken: 'n vyselstamper tussen twee vlerke ('n vlug). Sien ook *De Nederl. Leeuw* 1930, 5 en Blois v. Tr. Prins, *Genealog. en herald. gedenkwaard. betref. de Europeanen op Java*, dl. I, 77.

*13. LOUIS VAN ASSENBURGH. Goewerneur 1708—1711.*

In silwer 'n rooi kasteel wat lyk op 'n toring met vyf hoektorinkies.[36]

Hierdie Goewerneur is op 27 Desember 1711 in Kaapstad oorlede en op 2 Januarie 1712 in die Groote Kerk begrawe. Valentyn skryf oor die monument wat toe opgerig is: „Men ziet daar agter den predikstoel, aan de regterzyde van een kerkglas, ofte raam, de tombe, of anders 't wapen van den Heer Gouverneur Louis van Assenburg met een standaard' er boven. Hy voerde een burgt met vijf torens in zijn wapen en anders zag men'er niet af, dat, voor een Gouverneur, al te eenvoudig was".[37] Ook hierdie monument het, waarskynlik in 1835, verdwyn.

*14. MAURITS PASQUES DE CHAVONNES Goewerneur 1714—1724.*

Gevierendeel: *1* en *4* in goud drie swart voëls, geplaas 2 en 1[38] *2* en *3* in blou 'n silwer leeu. Helmteken: 'n uitkomende silwer leeu. In die Bell-Krynauw Versameling is 'n afbeelding van dié wapen met agt kwartierwapens.[39] Dis waarskynlik dat Charles Bell dit ontleen het aan 'n monument in die ou Groote Kerk wat met die ander in 1835 verdwyn het. Hy is in Kaapstad oorlede op 8 September 1724. Saam met die Van der Stels en Swellengrebels is die Pasques de Chavonnes uit 'n genealogiese oogpunt een van die interessanste goewerneursfamilies gewees.



*PASQUES DE CHAVONNES. Lakafdruk in die Koopmans de Wet-huis.*

Maurits was 'n seun van Pierre P.d.Ch.[40] wat met sy vader Joachim na die Bartholomeusnag in 1572 na Holland gevlug het.[41] Sy oudtante sou gewees het Louise de Colligny, die vrou van Prins Willem I van Oranje, die Swyger.[42] Die agt kwartierwapens deur Bell vermeld was: Pasques de Chavonnes, De Savornin, De la Jaille, De Villiers, Brichanteau de Loiseleur, Pottey, De Colligny en De Croo.

Die seun van Maurits, Pieter Rochus P.d.Ch. het in 1713 Goewerneur en Direkteur van Malakka geword en word in 1743 Direkteur-generaal van Indië. Sy wapen het nog in 1781 in die Hollandse kerk te Batavia gehang.[43]

(36) *De Navorscher* 1855, 306 en 1856, 94.
(37) Valentyn, *Oud- en Nieuw Oost-Indien*, dl. 5.
(38) Die *Armorial Général* noem die voëls mereltjies ('n heraldiese voël sonder bek of pote); Bell noem dit *swane*.
(39) Kwartierwapens is die wapens van sy agt oorgrootouers.
(40) Ek gee hier slegs weer wat Bell in sy handskrif oor die geskiedenis van dié familie sê.
(41) Bell ontleen hierdie gegewens aan 'n uitvoerige brief oor die genealogie van die Pasques de Chavonnes aan hom geskryf deur D. Kuys te Kaapstad, 2 Februarie 1860. Hierdie belangrike brief is nog in die Bell-Krynauw Versameling aanwesig.
(42) Louise de Colligny was 'n dogter van die beroemde Franse Hugenote-aanvoerder Gaspar de Colligny.
(43) Wynaendts v. Resandt *Gezaghebbers*, 217. Oor sy nageslag sien *De Navorscher* 1879, 156.

Die bloed van die Pasques de Chavonnes stroom nog altyd deur Suid-Afrikaanse are deur die broer van die Kaapse Goewerneur, Dominique P.d.Ch., gebore in Ter Viere op 2 Februarie 1646.[44] Hy trou in Julie 1669 te Breda met Maria Lamy en hulle seun, die tweede Dominique (gebore in 1673) het uit sy huwelik met Isabella Bolwerk 'n dogter gehad, Maria Magdalena P.d.Ch., wat aan die Kaap trou met Daniel van Heyning, lid van die Kaapse Raad van Justisie. Die dogter van laasgenoemde egpaar, Hendrika Roeland van Heyning [45] trou op 2 November 1777 met ds. Johannes Abraham Kuys, predikant eers te Tulbagh en later te Kaapstad. Hulle afstammelinge woon tans nog in Suid-Afrika en 'n kleinseun, Dominique Maurits Pasques de Chavonnes Kuys, gebore 23 April 1829, het self nog eenmaal die ou name laat herleef. Ongelukkig is hy al op 11 November 1829 oorlede.[46]

## *15. JEAN DE LA FONTAINE. Waarnemende Goewerneur 1724—1727, later opnuut Goewerneur 1730—1737.*

In blou nege goue bye, geplaas 3, 3, 3. Helmteken: goue by tussen twee blou vlerke ('n vlug).

In die Bell-Krynauw Versameling word, sonder naam, maar met die jaartal 1730, 'n wapen beskryf wat blykbaar afkomstig was van 'n roubord in die ou Groote Kerk wat nou nie meer bestaan nie. Hierdie roubord het duidelik betrekking gehad op die weduwee van die Goewerneur, Maria Elisabeth de Man. Die wapen is nl. gedeel en in die regterhelfte staan die wapen De la Fontaine [47] en in die linkerhelfte die wapen De Man: in goud drie aansiende rooi oskoppe, geplaas 2 en 1.[48]



*Gekombineerde wapen DE LA FONTAINE en DE MAN, (Bell-Krynauw Versameling).*

Die familie van die Goewerneur heet eintlik *De la Fontaine dit Wicart* en het in die begin van die 17e eeu uit Valenciennes (Frans Vlaandere) na Holland gekom. Hulle was daar werksaam as fabrikante en koopliede in systowwe; 'n paar lede was predikante in die Waalse (Hugenote) Kerk in Holland.

(44) Ek volg hier weer die gegewens van D. Kuys.

(45) De Villiers, *Geslacht-Registers*, dl. I. 332 noem haar Maria Hendrina Roelanda, ged. 2 Desember 1757.

(46) De Villiers, *ibid*, dl. II, 189.

(47) Hierdie wapen kom in verskillende Hollandse bronne voor o.a. in *De Navorscher* 1913, 72 en *Heraldieke Biblioteek* 1872, 142. Die aantal bye verskil dikwels Bell beskryf die wapen bv. met elf bye. Die opvatting van Rietstap *(Armorial Géneral)* en Reydon is waarskynlik die juiste, nl. dat die skild met die bye *besaai* is. Vir 'n genealogiese oorsig sien H. Reydon, *De la Fontaine dit Wicart* (oordruk uit *Sibbe*, 1943, 83).

(48) Die familie De Man is 'n ou regerinsfamilie uit Delft. Die wapen kom voor (met die oskoppe swart op silwer) in deel I van 'n geskrif in die Gemeente-Archief te Delft getitel: *Namen en Wapenen en Stamdeelen der Edele Agtbaare Heeren Veertigh-Raaden en Vroedschappen der stad Delft.* Oor hierdie Delftse De Mans sien die

Die lidmate van die Waalse Kerk het meesal strenger Calvinistiese opvattings gehad as die Amsterdamse regeringsfamilies. Daar is ook min huwelike tussen hulle, en in teenstelling met egte Kompanjiesfamilies soos Van Riebeeck, Overbeek, Swellengrebel, Van der Stel, ens., was dié Kaapse Goewerneur die enigste van sy familie wat 'n koloniale loopbaan gekies het. Dis in dié verband kenmerkend dat hy nooit op enige ander pos van die Kompanjie was nie. Hy kom hier op 15 Maart 1710 aan as Boekhouer en hy verlaat die Kaap in Maart 1738 as Goewerneur en Admiraal van 'n vloot van vyf skepe.

Sy dogter, Barbara Elisabeth de la Fontaine, trou met Walravan Robert van Heeckeren. Toe die eerste orrel in 1735 in die Groote Kerk gebou was, het Barbara daarop gespeel en by haar vertrek het die Kerkraad dié orrel gekoop.

*16. PIETER GIJSBERT NOODT. Goewerneur 1727—1729.*

In goud 'n swart adelaar. Helmteken: die adelaar uit die skild, uitkomende.[49].

*17. ADRIAAN VAN KERVEL. Goewerneur 1737.*

In rooi twee afgewende silwer adelaarsvlerke. Helmteken: Kop en hals van 'n silwer swaan met rooi snawel. Dekklede: silwer en rooi.[50]

In die Bell-Krynauw Versameling is 'n beskrywing en afbeelding van die wapens van dié Goewerneur en sy vrou Aletta Corssenaar (of Korssenaar). Hy is hier op 19 September 1737 oorlede en sy op 27 November 1739. Bell se beskrywing het dus waarskynlik weer betrekking op 'n monument of roubord met wapen wat in die ou Groote Kerk van Kaapstad gehang het maar nou ongelukkig verdwyn het. Die wapen van die Korssenaars was volgens dié bron:

In blou drie goue gerwe, geplaas 2 en 1.

Die familie van dié Goewerneur het nog lank aan die Kaap gewoon. Sy seun, Alexander Jan van Kervel, gedoop te Kaapstad 15 Desember 1726, het in 1777 in diens van die Kompanjie getree en is te Kaapstad op 30 Augustus 1782 oorlede. Hy trou te Rhenen (in Nederland) op 26 Junie 1759 met Henrietta Coenradina van Brienen, oorlede in 1771.



*Gekombineerde wapen VAN KERVEL en KORSSENAAR. (Bell-Krynauw Versameling).*

---

tydskrif *Oud-Holland* 1935. Die *Armorial Général* gee die kleure ook as swart op silwer. Die kleure op die Kaapse wapenbord is daarom òf verkeerd geskilder, òf — en dit lyk waarskynliker — die kleurverandering is 'n variant of „breuk" wat 'n jonger tak van die familie in die stamwapen aangebring het.

(49) Die weduwee van die Goewerneur, Joanna Drabbe, en sy seun Gysbert Phil. seël in 1736 te Bergen-op-Zoom met hierdie wapen, volgens die *Verzameling Muschart*, den Haag.

(50) Bell vermeld slegs die skild, die res van die beskrywing is aangevul met gegewens uit die genealogie van die Van Kervels in *Nederland's Patriciaat* 1928, 29 en 324. Die wapen is eintlik dié van die ou famile *Van Kervenheim*. Die bewys dat die Van Kervels uit die Van Kervenheim stam is egter nooit gelewer nie. Die stamvader in Holland was die grootvader van die Goewerneur, Alexander van Kervel, gebore in 1600, „hellebaardier en fouragier van den Prins van Oranje." Hy is oorlede 10 Januarie 1674.

Die seun uit dié huwelik, nl. Adrianus Gysbertus van Kervel, gedoop te Rhenen 2 September 1760, was Kaptein-luitenant in diens van die Kompanjie. Hy trou te Kaapstad 30 September 1792 met Johanna Hendrika Loubser.(51) Hierdie huwelik het blykbaar kinderloos gebly.

Die Van Kervels het egter nog nakomelinge in die vroulike lyn in Suid-Afrika deur die huwelik van die suster van die Goewerneur, Henrietta Coenradina van Kervel, gedoop te Rhenen (Ndl.) en oorlede te Kaapstad 10 November 1804. Sy trou nl. aan die Kaap op 26 Augustus 1792 met Stephanus Hendrik du Toit.

*18. DANIEL VAN DEN HENGHEL. Waarnemende Goewerneur 1737—1739.*

In rooi 'n silwer keper, belaai in die punt met 'n rooi sekelmaan en op elke been met twee rooi vyfpuntige sterre, bo mekaar geplaas en vergesel van drie goue vishake (angels).(52)

*19. HENDRIK SWELLENGREBEL. Goewerneur 1739—1751.*

In goud 'n blou lelie. Helmteken: twee herthorings van natuurlike kleur. Dekklede: goud en blou.(53)

In die Bell-Krynauw Versameling is 'n afbeelding van dié Goewerneur se wapen en van die wapen van sy vrou, Helena Wilhelmina ten Damme, met die jaartal 1746. Dit het blykbaar weer betrekking op 'n roubord met dié twee wapens wat in die ou Groote Kerk opgehang is toe sy op 30 Desember 1746 oorlede is. Sy is 26 Junie 1706 aan die Kaap gebore as dogter van Willem ten Damme en Helena Gulix. Willem was oorspronklik 'n dokter van die Kompanjie en 'n groot vriend van Willem Adriaan van der Stel. Later het hy 'n plaas gehad.(54)



*Gekombineerde wapen SWELLENGREBEL en TEN DAMME (Bell-Krynauw Versameling).*

Die wapen van die Ten Dammes was:

In blou 'n rooi linkerskuinsbalk belaai met drie omgewende jaghorings, geplaas in die rigting van die skuinsbalk.

Die Swellengrebels was 'n ou familie en hul geskiedenis illustreer op

(51) Gebore te Kaapstad 23 Julie 1769, weduwee van Martinus Westerhof.

(52) Wapencollectie Gemeente-Bibliotheek, Rotterdam.

(53) Die wapen kom voor op 'n seëlafdruk van die Goewerneur in die seëlversameling van die Kaapse Argief. Dis o.a. ook afgebeeld in *Nederland's Patriciaat* 1923, waarin ook die volledige genealogie vermeld is. De Mist het die wapen in 1804 aan die Drosdy van Swellendam gegee wat genoem is na die egpaar Swellengrebel en Ten Damme.

(54) Willem sterf tussen 10 April 1716 en '17 volgens E. E. Mossop, *Life of the early Krugers*, bls. 202. Oor die Ten Dammes is baie min bekend.






*Wapens van Goewerneurs aanwesig op die Kaapse Argief.*

*(a) VAN KERVEL.* *(b) SWELLENGREBEL.*
*(c) TULBAGH.* *(d) VAN PLETTENBERG.*

treffende wyse die moontlikhede wat daar was in die bloeityd van die Nederlandse Republieke. Die stamvader, Jacob Swellengrebel, word in 1338—'48 in Nordhausen vermeld en hulle het vir baie geslagte openbare ampte in Noord-Duitsland beklee. Die eerste wat in verbinding met Holland gekom het was die oorgrootvader van die Goewerneur, George Swellengrebel, gebore te Stettin in 1621, lakenverwerker in Amsterdam. Hy het 'n lewendige handelsverbintenis met sy broers Mattheus en Gottfried te Stettin en Heinrich te Moskou behou. In 1665 gaan hy bankrot met 'n skuld van 144,000 gulde en is 'n jaar later in Amsterdam oorlede.

Sy seun Hendrick, gebore in Stettin 13 September 1626, was sedert 1643 Hollandse koopman in Moskou en is aldaar oorlede op 12 Maart 1699. Behalwe drie dogters het hy ook drie seuns gehad wat almal betrekkings aan die Kaap gehad het.

Die oudste seun was Balthasar Swellengrebel, gebore in Moskou. Sy seun Sergius, gedoop in Amsterdam 6 Maart 1694, kom in 1712 Kaap toe en word hier in 1718 Adjunk-fiskaal. In 1722 gaan hy na Nederland maar kom in 1751 weer na die Kaap terug as Opperkoopman en Sekunde. Dit het hy tot aan sy dood, op 8 Desember 1760, gebly. In 1728 trou hy in Londen met Anna Fothergill wat in 1764 aan die Kaap oorlede is. Uit hierdie huwelik is 'n seun te St. Albans gebore, eweneens Sergius genoem. Hy was vanaf 1750—'55 Assistent in diens van die Kompanjie aan die Kaap. Daarna word hy Resident van Boelecomba en Bonthain (Selebes, in Oos-Iindië). Hy is in 1770 in Engeland oorlede.

Die tweede seun van Hendrick (dus 'n broer van Balthasar) was Johannes Swellengrebel, gebore te Moskou 17 Mei 1671. In 1690 is hy „comptoirknegt" te Amsterdam, vertrek 'n jaar later na die Kaap en word hier Onderkoopman en Dispensier; in 1701 lid van die Geregshof van Kleine Sake; in 1704 van die Weeskamer; vanaf 1708—'11 van die Raad van Justisie en na 1711 van die Politieke Raad. In 1716 word hy Vryburger en hy sterf hier ten slotte in 1744.[55]

Die latere Goewerneur Hendrik Swellengrebel was 'n seun uit sy eerste huwelik met Johanna Cruse. Hy is aan die Kaap gebore op 26 September 1700 en na verskillende ander range is hy in 1739 Goewerneur van die Kaap. In 1751 het hy na Nederland „gerepatrieer" ('n land wat hy nog nooit gesien het nie!) as Admiraal van die Retoervloot en vestig hom te Utrecht. Daar is hy op 26 Desember 1760 oorlede en in die Janskerk begrawe.

Hy trou aan die Kaap op 15 Junie 1727 met bogenoemde Helena Wilhelna ten Damme [56] wat dus die suster was van sy pleegmoeder.[57]

(55) Sy eerste vrou was Johanna Cruse met wie hy hier op 28 Junie 1699 getroud is. Sy is hier gebore op 5 Februarie 1682 en alhier oorlede op 19 Mei 1713. Sy was 'n dogter van die bekende Kaptein Hieronymus Cruse, kommandant van die garnisoen en 'n bekende persoonlikheid aan die Kaap. Haar moeder was Aletta Elbers. Hendrik is toe op 3 Desember 1713 weer getroud met Christina Stants, gebore te Geisendam, weduwee van die burgher-luitenant Jan van Meerland. Eindelik hertrou hy dan nog op 19 September 1728 met Engela ten Damme, hier gebore op 17 April 1683 en alhier oorlede 26 Desember 1733. Sy was 'n dogter van Willem ten Damme en Helena Gulix.

Die suster van die Goewerneur, Elisabeth Swellengrebel, gebore te Kaapstad 16 Februarie 1705, het hier op 26 Augustus 1725 met die latere Goewerneur Ryk Tulbagh getrou. Sy is hier oorlede op 13 Oktober 1753. 'n Ander suster, Johanna Catharina Swellengrebel, gebore te Kaapstad 21 September 1711 en oorlede ná 1740, trou hier op 3 April 1730 met ds. Francois le Sueur, predikant te Kaapstad. Uit hierdie huwelik stam die Suid-Afrikaanse Le Sueurs.[58]

Uit hierdie stukkie familiegeskiedenis blyk dus duidelik hoe eg Kaaps die Swellengrebels was en hoe bv. Ryk Tulbagh in hierdie egte Kaapse omgewing gepas het. Opmerklik is dit egter dat van hierdie groot Swellengrebel-familie, by Tulbagh se dood, niks meer oorgebly het nie as die paar neefs uit die La Sueur-familie.

*20. RYK TULBAGH. Goewerneur 1751—1771.*



*TULBAGH. (Bell-Krynauw Versameling).*

Drie aansiende getulbande Turksekoppe van natuurlike kleur, geplaas 2 en 1. Helmteken: 'n beklede regterarm wat 'n na links omlaag gerigte kromswaard in die hand hou.[59]

Dié wapen kom in die Bell-Krynauw Versameling voor met 'n silwer veld en sal waarskynlik aan 'n roubord of monument vir die Goewerneur in die ou Kaapse Kerk ontleen wees. In die Kaapse Argief is ook 'n tekening van die volledige wapen, wat in Maart 1905, deur bemiddeling van mnr. W. G. van Oyen, „of the staff of the Archive Office there," ontvang is. Ek beeld dit hierby af. Die veld is hier aangegee as blou en die koppe is na regs gewend.[60]

Die wapen van Ryk Tulbagh is in 1804 deur De Mist aan die Drosdy van Tulbagh verleen. Die teenswoordige munisipaliteit voer dit soos dit in die Argief voorkom, d.w.s. met 'n blou veld en na regs gewende koppe. Die oorspronklike tekening van die wapen soos De Mist dit verleen het is egter nog in Den Haag aanwesig en 'n kopie is ook in die Kaapse Argief. Hierop is die Turksekoppe aansiend sodat ek dié opvatting vir die juiste hou.

(56) Uit dié huwelik agt kinders, almal aan die Kaap gebore. Hulle het na Holland teruggekeer. Oor hul lewenslope sien *Nederland's Patriciaat* 1923.

(57) In Holland hertrou hy te Overbeek op 20 Maart 1755 met Helena van Ruyven, gebore te Arnhem in 1711 en oorlede te Utrecht 21 Mei 1804.

(58) Ten slotte was daar nog 'n derde seun van Hendrick (dus ook 'n broer van Balthasar) nl. Benjamin Swellengrebel. Hy was 'n adelbors in diens van die Kompanjie en passeer in 1710 die Kaap. Hy is nog in dieselfde jaar te Batavia oorlede.

(59) In die *Volmachten van de Geldersche Leenkamer* op die Rijksarchief te Arnhem is 'n lakafdruk van Aleyda Tulbagh, gedateer 17 Augustus 1778. Sy woon te Bergen-op-Zoom en die wapen is soos hier. Ook Dirk Tulbagh, vader van die Goewerneur voer, volgens *De Navorscher* 1873, dié wapen.

(60) 'n Kopie van die wapen in die Kaapse Argief (deur Eric Stockenstrom) is afgebeeld in *Die Huisgenoot* 1919, 651 waar op bls. 654 ook 'n lewensskets van die Goewerneur

## 21. *JOACHIM VAN PLETTENBERG. Goewerneur 1771—1785.*



*VAN PLETTENBERG. (Bell-Krynauw Versameling).*

Gedeel: *1* effe goud; *2* effe blou. Helmteken: 'n goue en 'n blou vlerk ('n vlug).[61]
Dié wapen kom voor op die baken wat die Goewerneur in 1778 by die teenswoordige Plettenbergbaai opgerig het as grenspaal aan die oostelike grens van die Kaap.[62]
Die familie (Van) Plettenberg is van Friese afkoms. Op die Stadhuis in Harlingen (Friesland) hang nog 'n wapenbord van Hans Willem Plettenberg, in 1776 Burgemeester van Harlingen en seun van Hans Joachim. 'n Willem van Plettenberg kom in 1784 te Leeuwarden voor met dieselfde wapen.[63]

## 22. *CORNELIS JACOB VAN DE GRAAFF. Goewerneur 1785—1791.*



*VAN DE GRAAFF. Lakafdruk in die Koopmans de Wet-huis.*

In silwer twee beurtelings gekanteelde swart dwarsbalke en 'n vrykwartier van goud, belaai met 'n dubbele swart adelaar. Helmteken: die adelaar uit die skild. Skildhouers: twee adelaars van natuurlike kleur. Wapenspreuk: Dieu nous conduise.[64]

Soos Goewerneur Van Plettenberg het ook Van de Graaff sy wapen op 'n grenssteen verewig nl. dié wat hy in 1785 in die omgewing van George opgerig het.[65] Die wapen kom ook voor in die Bell-Krynauw Versameling [66] en op 'n lakafdruk in die seëlversameling van die Koopmans de Wet Huis te Kaapstad. [67] Hierdie wapen is ook deur De Mist aan die Drosdy van Graaff-Reinet verleen wat genoem is na dié Goewerneur en sy vrou Cornelia Reynet met wie hy in Oktober 1766 getroud is.


(61) Volgens 'n afbeelding van dié wapen op die Kaapse Argief.
(62) L. Péringuey, *Inscriptions left by early European Navigators on their way to the East: Relics from the days of the D.E.I. Company*, 3rd ed. (1955), bls. 43.
(63) *De Maasgouw* 1903, 61.
(64) Die wapen kom in talryke Nederlandse bronne voor, o.a. in Vorsterman van Oyen, *Stam- en Wapenboek, ens.* waar 'n mens ook die genealogie van dié familie aantref; Balen, *Beschryvinghe der Stad Dordrecht; De Navorscher* 1895, 45, ens.
(65) L. Péringuey *ibid*, 46.
(66) Bell noem dié wapen *Van de Graaff van Blommestein*, 'n naamskombinasie wat tot stand gekom het deur die huwelik van Johanna Maria van de Graaff met P. C. van Blommestein.
(67) No. 174.
(68) Frederick Rhenius, oorlede in 1754. Sien F. Oudschans Dentz, *Een verzameling wapenborden uit de tijd van de O. I. Compagnie aan de Kaap de Goede Hoop.* (Oorgedruk uit *Hertzog Annale*, Jaarboek II, 97).
(69) Volgens *De Indische Navorscher* was daar in die Landsarchief te Batavia bv. 'n seël met dieselfde wapen van Johan Tobias Rhenius, Vaandrig in diens van die Kompanjie, oom van die Kaapse Goewerneur. Die wapen kom ook voor in die Bell-Krynauw Versameling.



*Grensbakens met die wapens van die Goewerneurs VAN PLETTENBERG en VAN DE GRAAFF.*

'n Sytak van die familie Van de Graaff het hom blywend in Suid-Afrika gevestig. Hulle stam af van Hendrik van de Graaff, Luitenant van die Artillerie, en later eerste Landdros van Tulbagh, wat op 14 Oktober 1789 met Cornelia Bode getrou het.

*23. JOHANNES ISAAC RHENIUS. Waarnemende Goewerneur 1791—1792.*



*RHENIUS. (Bell-Krynauw Versameling).*

In silwer 'n springende ree (hert-ooi) van natuurlike kleur, op 'n grasgrond. Helmteken: 'n geharnaste regterarm met 'n na links gerigte swaard in die ontblote hand, tussen twee stokke wat as omgekeerde kepers geplaas is, waaraan na buite waaiende, waarskynlik rooi, baniere met goue fraiing.

Die oorspronklike roubord met die wapen van dié waarnemende goewerneur hang vandag in Koopmans de Wet Huis te Kaapstad en in die Konsistoriekamer van die Groote Kerk hang nog 'n roubord met vrywel dieselfde wapen van 'n ander lid van dié familie.[68] Dié wapen is ook uit ander bronne bekend.[69]

*24. SEBASTIAAN CORNELIS NEDERBURGH. Kommissaris-generaal 1792—1793.*

In blou 'n goue keper, vergesel in die skildhoof van twee sespuntige goue sterre en in die skildvoet van 'n goue toring (burg). Helmteken: 'n groen boom.[70]

*25. SIMON HENDRIK FRYKENIUS. Kommissaris-generaal 1792—1793.*

In goud 'n dubbele swart adelaar. Helmteken: die adelaar uit die skild, uitkomende.[71]

*26. ABRAHAM JOSIAS SLUYSKEN. Kommissaris-generaal 1793—1795.*

In blou 'n silwer sittende brak ('n jaghond met 'n stomp snuit en vierkantige afhangende ore) met goue halsband. Helmteken: die hond uit die skild.

Daar is 'n afdruk van die seël van die laaste Kommissaris-generaal in die seëlversameling van die Kaapse Argief. Die wapen is ook uit verskeie Nederlandse bronne bekend.[72]

(70) Wapenafbeelding en volledige genealogie van dié familie in *Nederland's Patriciaat* deel 7. Lewensloop van Nederburgh in M.A. van Rhede v. d. Kloot, *De Gouverneurs-generaal ens. van Ned. Indië*, 264 waar ook sy wapen afgebeeld is.

(71) Lewensloop en genealogie van Frijkenius in M.A. v. Rhede v. d. Kloot, *ibid*, 268. Die wapen kom in verskeie Nederlandse bronne voor o.a. in *Algemeen Nederlandsch Familieblad* 1884, afl. 100, bls. 4; *De Navorscher* 1911, 492; *De Nederlandsche Leeuw* 1913, 154 en 1926, 27 en 317. Bowendien in die Manuskrip *Wapenboek v. d. Regenten der Aalmoezeniershkerk*, te Utrecht.

(72) Oor sy lewensloop sien W. Wijnaendts v. Resandt, *De Gezaghebbers ens.* bls. 295. Die wapen word ook vermeld in *De Navorscher* 1874 en *Heraldieke Bibliotheek* 1881.

27. *JAN WILLEM JANSSENS. Goewerneur 1803—1806*

Gedeel: *I* in blou 'n silwer roos, vergesel van vier goue lelies, geplaas 2 en 2, met die punt na die hart van die roos gerig; *II* in silwer 'n blou leeu met rooi tong. Helmteken: 'n uitkomende kaal wildeman van natuurlike kleur, wat sy linkerhand op sy heup hou en in die regterhand 'n bruin knots hou waarvan die steel op die grond rus.(73)

28. *JACOB ABRAHAM UITENHAGE DE MIST. Kommissaris-generaal 1803—1804.*

In swart 'n silwer ankerkruis. Helmteken: 'n silwer ankerkruis tussen twee swart vlerke ('n vlug).

De Mist het sy eie wapen in 1804 aan die nuwe Drosdy Uitenhage verleen en dit word vandag nog altyd deur die Munisipaliteit van Uitenhage gevoer.(74)

(73) Lewensloop, genealogie en wapen van Janssens in Van Rhede v. d. Kloot, *ibid,* 131. Volledige genealogie van die Janssens-familie in *Nederland's Adelsboek* 1943—48, 69. 'n Afbeelding van dié wapen ook in die seëlversameling van die Kaapse Argief.

(74) Volledige genealogie en wapen van die Uitenhage de Mists in *Nederland's Patriciaat,* dl. 23 en 25. Daar is ook nog 'n afsonderlike monografie *Het Geslagt Uitenhage de Mist* (sonder jaartal).

*Das Beste, was wir von der Geschichte haben, ist der Enthusiasmus, den sie erregt.*
*— Goethe.*